



## Wes-Boland Eisteddfod

Liewe Eisteddfod-verteenwoordiger

Hiermee die volgende belangrike reëlins in verband met die skryf van Letterkunde:

- **Skryfdatum: Donderdag, 16 Mei 2019.**
- Skryfstukke word by een van drie sentrums geskryf, nl. Laerskool Swartland, Hoërskool Piketberg en Laerskool Saldanha. Skole skryf by die sentrum van hul keuse soos aangedui op inskrywingsvorm.
- Deelnemers moet asb. stiptelik om **14:15** by die onderskeie sentrum aanmeld waar hul in lokale geplaas sal word en die skryftyd 14:30 sal begin.
- Meld aan by Laerskool Swartland en Laerskool Saldanha in die skoolsaal. Meld aan by Hoërskool Piketberg in die voorportaal.
- Bring eie skryfbehoeftes saam. Papier sal voorsien word.
- Alle Letterkunde word op dieselfde dag geskryf. Indien 'n deelnemer aan twee kategorieë wil deelneem, is dit sy keuse watter skryfstuk hy eerste wil skryf (bv. Opstel of Poësie).
- Onderwerpe word eers bekend gemaak in die lokaal waar geskryf sal word.
- Geen naam van deelnemer of skool mag op skryfstukke voorkom nie. Slegs op die deelnemerstrokie wat aan die skryfstuk gekram word.
- Gebruik asseblief die **Deelnemerstrokie** op die webwerf wat spesifiek op toepassing is vir die Letterkunde. sien dit ook aangeheg by hierdie e-pos vir u gerief.
- As 'n Engelse leerder 'n Afrikaanse stuk skryf, vul 'n Afrikaanse strokie in en merk addisionele taal. As 'n Engelse leerder 'n Engelse stuk skryf, vul 'n Engelse strokie in en merk huistaal.
- Moet nog geen deelnemersnommer op die deelnemerstrokie invul nie, dit word later deur die sameroeper ingevul. Die res van die deelnemerstrokie moet egter baie deeglik en volledig ingevul word.
- Die skryftyd per inskrywing is maksimum 90 minute. Na die eerste 90 minute sal daar 'n 10 minute pouse wees voordat met die tweede inskrywing begin word indien van toepassing.
- Indien 'n leerder klaar is voordat die 90 minute verstreke is, mag hy sy opstel inlewer en die lokaal verlaat.
- Die skryf van alle Letterkunde geskied onder eksamentoestande; die gebruik van woordeboeke is dus ontoelaatbaar.
- Die volgende beperkings vir die getal woorde van die opstelle (Afrikaans en Engels) geld:

<b><u>Graad 4 en 5</u></b> (120 - 150 woorde)	<b><u>Graad 6 en 7</u></b> (150-200 woorde)
<b><u>Graad 8 en 9</u></b> (200-250 woorde)	<b><u>Graad 10, 11 en 12</u></b> (300-400 woorde)

- Die lengte van gedigte word nie beperk nie.
- Daar sal 10 onderwerpe uit elke ouderdomsgroep wees om uit te kies vir die skryf van die opstelle.
- Daar sal slegs een tema vir elke ouderdomsgroep wees waarvolgens die gedigte gedoen moet word.

Vir verdere navrae, kontak my gerus.

Vriendelike groete

Karin Steyl  
Sel: 081 270 2001